



# Die Rietfluit

JAARTEMA:

Saam met Jesus...

Nov '19, Des '19  
& Jan '20

## Liewe lidmaat

**DIT IS BELANGRIK OM AAN 'N KERK TE BEHOORT EN GEREELD KERK TOE TE GAAN** (*hierdie is in opvolg van verlede September maand se voorbladartikel*)

**Dit is jou betrokkenheid en deelname aan die meeste van die aktiwiteite van 'n gemeente wat vir jou OPTIMALE GEESTELIKE GROEI bewerkstellig.**

**Dit kan egter nie eindig by net die bywoon van aktiwiteite nie.** Behalwe vir die gawes wat die Here deur Sy gees aan gemeentes en lidmate gee, is die tweede belangrike instrument wat God gebruik om groei in ons lewe te bewerkstellig, die liggaam (kerk) self.

'n Mens bou nie verhouding met mense deur kerk-aktiwiteite by te woon nie. **God se struktuur van groei is familie.** Wanneer die kerk die karakter van 'n familie verloor, verloor ons die waarde en krag van Sy koninkryk.

God verduidelik Sy koninkryk aan ons in terme van familie, vader, jongmense en kinders. (1 Joh 2:12-14) Net so is die liggaam verbind met mekaar soos 'n familie. Inteendeel **die gemeente waaraan jy behoort, word jou ware familie!**

Baie van ons wat tot bekering kom, voel nie meer so tuis en gemaklik rondom ons bloedfamilie nie, omdat ons hart in wese verander het. Selfs Jesus het sy geestelike vriende en dissipels sy ware familie genoem, teenoor sy eie ma en broers. (Mat 12:46-50)

**Ons Visie: Deur Christus-liefde gee ons vir almal om**

**Om waarlik 'n familie te wees vra dat jy betrokke moet raak in mense se lewens, om bereid te wees om agter die maskers te kom, en om sonder voorgee te leer om ander lief te hê. Jy moet ook bereid wees om jouself bloot te lê, jouself te onmasker en oop te maak.**


Daar is 'n wonderlike dinamika wat begin geld as mense wat die Here dien in mekaar se lewens betrokke raak: **ons sien Christus in mekaar en dit spreek ons aan**, baie keer meer as wat 'n preek ooit sou kon doen. **Ons groei ook deur die groei in mekaar te erken.**

Verhoudings is natuurlik kompleks, en is nie altyd net positief nie. Vir verhoudings om te verdiep, moet die verhouding verskeie toetse deurstaan. Dit is juis soms hierdie negatiewe aspekte van verhoudings waardeur ons die meeste kan groei.

**Broer, Suster, raak betrokke in mense se lewens, en HELP DIE GEMEENTE OM WAARLIK 'N FAMILIE VAN DIE HERE TE VORM.**

Lees verder op bladsy 8

(die oorspronklike dokument op <http://www.hrco.co.za/wp-content/uploads/2013/03/Hoekom-is-kerk-belangrik.pdf> is aangepas)



## ---- DATUMS VAN BELANG ----

- ♦ **3 Nov:** Dankofferdiens om 9:00
- ♦ **17 Nov:** Nagmaal
- ♦ **24 Nov:** Kinders woon diens by & Kategese afsluiting
- ♦ **4 Des:** Skole Sluit
- ♦ **25 Des:** Kersdiens om 9:00
- ♦ **31 Des:** Oujaarsdiens om 18:00
- ♦ **15 Jan:** Skole Open

*Sien jou daar!*

### RIETFLUIT KENNISGEWING

Ons maandelikse blaadje, Die Rietfluit gaan vanaf November 2019 elke drie (3) maande uitgegee word soos volg:

- ♦ einde Okt vir November, Desember en Januarie
- ♦ einde Feb vir Maart, April en Mei (**Herfs uitgawe**)
- ♦ einde Mei vir Junie, Julie en Augustus (**Winter uitgawe**)
- ♦ einde Aug vir September, Okt en Nov (**Lente uitgawe**)
- ♦ einde Nov vir Des, Januarie en Februarie (**Somer uitgawe**)

Die doel is om 'n dikker/beter blaadje aan te bied.

### Helpende Hand



Give your hands to serve  
and your hearts to love.

### Bydrae vir Jeugwerkerkursus

'n Jong man van ons gemeente is entoesiasies om as Jeugwerker te studeer, maar benodig fondse vir die klasgeld. Dis deelydse studies vir 2 jaar.

Enige bydra sal baie waardeer word.

Merk koevert of EFT betaling as "Jeugwerkkursus" asb.

Vir meer info kontak Ds. Leon TaiT.

## DIENSGETUIENIS-BEDIENING

### Vakature vir 'n sendeling

**Kwalifikasies:** Diploma in teologie en/of menslike verhoudinge is die minimum kwalifikasie, 'n graad in die kwalifikasies sal verkies word. Vaardigheid in die taal van die mense in die land, waar die suksesvolle kandidaat gaan werk, word hoogs aanbeveel.

**Ondervinding:** Vorige werksondervinding is nie noodsaaklik nie maar word aanbeveel. Werksondervinding in 'n ambag soos elektrisiën, passer en eerste hulp word sterk aanbeveel.

**Persoonlike eienskappe:** Moet goeie mense verhoudinge kan opbou. Moet bereid wees om vêr van geliefdes te gaan werk. Moet kritiek kan hanteer. Moet inkomste skep deur versoeke en optredes voor groot gehore. Moet 'n onvoorwaardelike liefde vir God hê, 'n passie vir Sy werk en die geloof dat hy 'n geroepene van God vir die werk is.

**Die posisie:** Geen voordele soos huis toelaag, medies of pensioen word aangebied nie. 'n Vaste Inkomste kan nie verseker word nie. Werksomstandighede mag gevaarlik wees afhange van omgewing waarin die persoon werksaam gaan wees.

Die wete dat die persoon God se werk doen en die vrede wat daardeur ondervind word is die enigste voordeel van die posisie.

### ***Bogenoemde is wat die sendelinge, wie ons ondersteun, ondervind.***

Byvoorbeeld, Dana wat onder die Koerde vir ongeveer 30 jaar gewerk het, se eiendom was 3 keer verwoes. Hy was menigmaal gedreig met sy en sy familie se lewe.

Mense word vermoor in die direkte omgewing waar Andries in die noorde van Mosambiek werk, niemand weet hoekom nie en niemand weet wanneer hulle dalk die slagoffers kan wees nie. Mosambiek is onlangs deur 'n sikloon getref en Andries en sy vrou moet self help om huise weer te bou en die Christelike radiostasie aan die gang te kry.

Dana en Andries werk onder van die armste mense in die wêreld. Albei moes hulle ouers, broers en susters en kinders, 'n vaste werk en huis in Suid Afrika los om daar te werk. Hulle enigste inkomste is wat hulle van hulle ondersteuners ontvang.

Huidig ondersteun N.G. Gemeente Rietfontein-Suid finansieel die werk onder die Koerde in Afganistan en Armenië, die werk in Mosambiek en Laudium (weste van Pretoria) en weeskinders in die Oekraïne. Corneille in Frankryk en die ander sendelinge ontvang morele ondersteuning deur met hulle in kontak te bly en ons gebede.

Sendingbediening se begrote inkomste vir 2019 is R132 000.


Die bedrag word verdeel sodat die werk onder die Koerde 48%, Mosambiek 14%, Laudium 9%, en die weeskinders 7% ontvang. 6% is aan die Seemans Organisasie betaal en die ander 16% is vir onkoste vir die sendingweek, reiskoste vir die sendelinge na die sendingweek en vir bankkoste.

Met hierdie geskrywe as inleiding tot die werk van 'n sendelinge sal ek graag in die toekoms meer wil skryf oor die wedervarings en werk spesifiek van die sendelinge wat deur Rietfontein Suid Gemeente ondersteun word.

*Diensgetuieis-Bediening*

Baie sterkte aan al die skoliere, matrikulante, en studente wat tans besig is met hulle eind eksamens. **Ons bid vir julle.**  
Leer hard, byt vas en jy sal die vrugte kan pluk van jou harde werk.

When you and your friend goof off the whole school year and now trying to fix your grades



## DIE TROOS VAN GODSBELOFTES

Ons praat daarvan dat ons trou aan mekaar belooft – dat ons, heel letterlik, trou. In ons kerklike debatte oor die huwelik praat ons van verhoudings wat gekenmerk word deur liefde – en trou. Waarvan praat ons, presies? Wat beteken hierdie 'trou'? Wat behels beloftes van liefde en trou?

Die klassieke beeld wat die Gereformeerde tradisie sou gebruik vir verhoudings van liefde en trou is verbondsluiting. So skryf die teoloog John Witte in sy boek *From sacrament to contract* (2012) dat daar verskeie uitbeeldings van die huwelik sou wees oor die eeue. Die beeld waarby Johannes Calvyn en ander Reformatore sou aanklank vind is dié van 'n verbond wat tussen twee mense gesluit word, met God en die gemeente as getuies van die trou wat belooft word.

Selde is ons bereid om te erken dat elkeen van ons, sonder uitsondering, ook beloftes verbreek. Dat ons erken – soos wat Paulus erken – dat ons die goeie wat ons wil, nie doen nie; en die slegte wat ons nie wil nie, wel soms doen. Ons almal verbreek beloftes. Ons almal pleeg verraad. Ons is almal verraaiers.

Ook hierin is ons deel van 'n veel ouer, veel groter geloofsgemeenskap. Verraaiers is volop in die Bybel. Nie as randfigure nie, maar dikwels as geloofshelde – karakters wat sentraal is binne die verlossingsverhaal. Dink maar aan Jakob, wat sy broer en pa verraai. Sy verraad besorg aan hom die seën van 'n eersgeborene. Dink aan Dawid, wat sy vrou verraai. Uit sy verraad word Salomo en sy nageslag gebore. Dink aan Judas, wat sy vriend Jesus verraai. Uit hierdie verraad word Jesus oorgelewer om gekruisig te word en weer op te staan.

Dink aan Israel, wat God weer en weer verraai, en trou verbreek deur te kies vir ander gode, deur onregpleging teenoor vreemdelinge en weerloses, deur oorlog met buurnasies, geweld. Ook Israel, die verbondsvolk, verbreek beloftes, nie een keer nie, maar herhaaldelik, nie net enkelinge nie, maar as 'n volk (en dan boonop leiers van die volk, soos konings en priesters).

Wat sê dit vir ons van ons eie belofteafleggings en eedafleggings? Behoort ons op te hou om beloftes aan te gaan en trou aan mekaar te belowe, omdat die kans goed is dat ons dit sou verbreek? Behoort ons belofteverbreking strawwer te tug in die kerk? Kan strafoplegging die nodige insentief bied dat ons by ons

beloftes en edes bly? Of is ons verdoem daartoe om verraaiers te wees?

In 'n pamflet met die title "Ja! Jy kán seker wees ..." (1993) skryf Willie Jonker dat die diepste bron van ons troos in Godsbeloftes lê. Ons verlossing is geanker in God se inisiatief om na ons toe uit te reik, en om uit vrye guns alleen God se genade te skenk – nie in ons betroubaarheid of getrouheid nie. Daarom is dit "in sy hande absoluut veilig" en kán ons vanuit die vaste sekerheid leef dat God by God se verbondsbeloftes aan ons hou.

Ons kan leef asof daar niks is – nie lewe of dood, nie ons verlede of ons toekoms, géén klag en géén tug en géén dreigement – wat ons kan skei van God se liefde nie. Godsbeloftes beteken dat God se trou absoluut vas en seker is; onverbreekbaar en onverraaibaar deur God. God los ons nié – no matter what. Dít is genade.

Dit beteken dat die diepste bron van ons troos nie lê in ons eie vermoë en eie morele pogings om getrou te leef aan mekaar of aan God nie. Ons diepste troos is dat God getrou is aan ons. Dit is ál wat aan ons sekerheid bied.

Maar dit is ook hierdie troos wat aan ons die selfvertroue gee om wél beloftes te maak aan mekaar en voor God, al weet ons ook nie wat die toekoms vir ons inhou nie. En al is daar altyd die moontlikheid dat ons ons beloftes kan verbreek. Selfs dán behoort ons nie te vergeet dat slégs Godsbeloftes die bodem is vir ons eie beloftes nie.

Godsbeloftes is soos 'n rivier waarin ons swem – al sou ons ook links of regs, saam met die stroom of teen die stroom op swem, die rivier neem sy loop. Dit dra ons. Dit los ons nie. Al beur ons ook stroom op is dit steeds die rivier wat die stroom bepaal. Al wat ons kan kies is hoe ons daarbinne swem; hoe moeilik of maklik ons dit vir onself en diegene rondom ons maak.

Godsbeloftes dra ons beloftes. Godsbeloftes dra ook ons verbreekte beloftes. Godsbeloftes dra ons trou én ons verraad. Die troos van Godsbeloftes is dat God ons dra. No matter what.

Dr Nadia Marais  
Kerkbode, 16 Augustus 2019, bl. 7



(opvolg van voorbladartikel)

## DIT IS BELANGRIK OM AAN 'N KERK TE BEHOORT EN GEREELD KERK TOE TE GAAN

**Dit is jou betrokkenheid en deelname aan die meeste van die aktiwiteite van 'n gemeente as liggaam wat vir jou OPTIMALE GEESTELIKE GROEI bewerkstellig.**

### DIE VOORDELE DAARVAN OM DEEL TE WEES OP ELKE VLAK IN 'N GEMEENTE:

1. "Sonder goeie leiding stort 'n volk in duie; dit is veilig om baie raadgewers te hê." (Spr 11:14, Nuwe Lewende Vertaling) **Daar is beskerming vir jou as jy besluite binne 'n liggaam kan neem**, omdat mens so maklik jou eie hart kan mislei. (Jer 19:9)

2. **Die verskilmakende kerk benodig** soos enige ander organisasie 'n kritiese massa van **mense om werklik 'n verskil in 'n omgewing te maak**. Let wel dat ons nie hier van gemeentes praat wat 'n duisend mense as skare trek, maar net 'n honderd van hulle is medewerkers nie. **'n Gemeente waar elke lidmaat sy rol en bediening verstaan en uiteleef, is 'n kragtige wapen in God se hand.**

3. **Die versorging van mense in die Nuwe Testament is deur die kerk gedoen.** Dit is in hierdie 1ste kerk waar daar geen tekort was nie. Hoekom? Omdat almal alles wat hulle besit het gedeel het met ander. **Weerhouding** daarvan om deel te wees van 'n plaaslike liggaam, **verswak die kerk se vermoë om werklik effektief in hierdie doel te wees.**

4. Dit behels ook die aspek van jou bydraes aan die kerk. Om God se werk en koninkryk te bevorder op globale skaal kos geld, maar die meeste kerke beleef dat maar **net 20% van die lidmate hulle tiendes betaal. Weereens verswak dit die kerk se vermoë om effektief te gee, te dien en te help!** As almal maar net op die einde besluit om nie deel te wees van 'n plaaslike liggaam nie, en hulle eie ding te doen rig ons uiteindelik skade aan ons eie geledere aan. Elkeen se betrokkenheid is nodig vir groei.

5. **Om deel te wees van 'n dinamiese gemeente, gee ook aan elke individu 'n "sense of purpose"**. Jy voel jy bestaan nie net nie, jy is deel van 'n plan, en die uitvoering van daardie plan en visie!

6. **In 'n gemeente kan jy gementor word.** So baie gelowiges kom tot bekering en leef maar net op hulle eie voort, maar hulle is nog nooit deur 'n geestelike Pa of Ma gementor en persoonlik gedisippel in die waarheid nie. Hierdie is 'n groot gebrek in die kerk en ook een van die redes hoekom so baie Christene vir jare in 'n kerk sit en nog steeds nie wasdom bereik nie. Baie het 'n klomp kop-kennis wat nog nie deel geword het van hul waardesisteem en leefwyse nie. Weereens: **God se model is familie en gesinne:** 'n Pa (mentor) stap met jou 'n pad, hy leer en korrigeer jou die heeltyd! Die belangrikste egter is dat 'n

Pa jou WYS hoe! Deur Mentorskap!

**Broer, Suster: Dit is onmoontlik om as gelowige jou geloof in isolasie te beoefen.** Net soos isolasie van die gemeenskap lei tot eksentrieke gedrag en lewenstyl, lei kerkloosheid tot 'n onvolkomenheid ten opsigte van die volheid wat Christus vir elke gelowige bestem het.

(die oorspronklike dokument op <http://www.hrco.co.za/wp-content/uploads/2013/03/Hoekom-is-kerk-belangrik.pdf> is aangepas)

# Jesus Is Born

By: 365greetings.com

Praise the Lord,  
He sent His Son,  
The one who'll save,  
Every man.

Christ the King,  
"FOREVERMORE",  
Be our guide,  
And our light.

Christ the King,  
The Son of God,  
Lead us through,  
To the right path.

Christmas day,  
The day you're born,  
Sent to the world,  
To protect us all.




## 2019 KERSSANGDIENS

24 NOVEMBER OM 19:00

Kom geniet 'n heerlike feesvier aand waar ons die Here gaan loof met musiek.

Tee en koffie word bedien na die diens.



dankie

Dankie aan elke lidmaat vir jou liefde vir God en jou mede-lidmate.  
Dankie dat jy in 2019 toegewyd gedien en betrokke was, vir jou positiewe gesindheid en samewerking.

Dankie vir jou oop hart en hand vir God se saak om saam 'n verskil in ander se lewens te kon maak.

*Mag ons saam in 2020 ervaar hoe God ons nader aan Hom en mekaar bring.*

**Geseënde Christusfees vir u!**

**Die Leraarsgesinne**

**31 Day  
Bible Reading  
Plan**

**FINDING YOUR  
PURPOSE**

**Only a Focused & Quiet Mind can  
Discern the Voice of God**

1. Kings 19:11-13
2. Mark 1:35
3. Luke 5:15-16
4. John 10:27
5. Hebrews 2:1
6. Exodus 19:9
7. Deuteronomy 4:36
8. 2 Peter 1:18

**Finding Your Purpose Requires a  
New Level of Faith & Belief in God**

9. Romans 10:17
10. Genesis 15:6
11. Numbers 14:11
12. 2 Sam 22:31
13. Matt 9:29
14. Matt 8:13
15. Matt 21:22
16. Mark 11:22

**Your Gifts & Talents are a  
Signpost to Your Calling**

17. Romans 12:3-8
- 18.1 Cor 12:4-11
19. 1 Peter 4:10-11
20. Jeremiah 1:4-5
21. Ephesians 4:8:14
22. 1 Peter 4:10-11

**Knowing Your Purpose means  
Knowing It is not for you but for  
Others**

23. Ephesians 4:11-12
24. Exodus 9:16
25. 3 Philippians 2:12-13
26. Isaiah 43:7
27. 1 Tim 1:9
28. 1 Cor 4:12
29. 1 Cor 14:26

**Your Experiences are a Signpost  
to what Your Purpose is**

30. Joseph - Genesis 37:39-48
- 31 Hannah - 1 Samuel 1-2

**BOOMSLOPINGS & SNOEI**

**GRATIS KWOTASIE**

**VERSEKERING**

**KONTAK ERNST by 083 656 4992**

[www.treecarepta.co.za](http://www.treecarepta.co.za)

**Kersfees**

**is**

**'n tyd vir glo**

**en vir gee**

**'n tyd vir liefhê**

**en vir lag**

**'n tyd vir vrede**

**en vreugde**

**'n tyd vir familie**

**en vriende**

**'n tyd vir blye tydings**

**en dankbaarheid**

**'n tyd vir saamwees**

**en vir wonderwerke**

**Seisoens groete**

**RIETFLUIT REDAKSIE & ADMINISTRASIE**

Vir enige navrae oor advertensieplaasing, getuienis, voorstelle of nuus oor u bediening, stuur gerus 'n e-pos vir Ilze du Plessis by [ilzedples@gmail.com](mailto:ilzedples@gmail.com).

Kontak nommer is 0721113100